## 23 Maart - EET

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 14:22-29**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 14:29**

Elia is deur n engel wakker gemaak en beveel om te eet. Hy het bygevoeg: "Anders sal die pad vir jou te lank word." Ons moet eet om te leef, om energie in ons liggame te genereer. Dit is hoe God ons versorg en in staat stel om sy opdragte op aarde uit te voer. Van die vrugte in die paradys tot die oorvloed van melk en heuning van die beloofde land getuig van God se besondere sorg vir sy kinders (Deut 8:10).

Daarom het Jesus ons verseker dat dit nie nodig is om ons te kwel oor wat ons môre sal eet nie (Matt 6:31). Die Vader weet wat ons nodig het en voorsien daarin voldoende. Het u al daaraan gedink hoe wonderlik die planeet aarde moet wees dat dit soveel miljarde organismes en mense aan die lewe hou. *Maar* om te eet, moet die mens werk. Deur arbeid sal die mens sy brood verdien. En as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie (2 Tess 3:10).

Wie werk, mag by sy moeitevolle arbeid dit wat hy ingesamel het, met vreugde geniet. Volgens Prediker 8:15 is daar niks beters wat God ons onder die son gee as dit nie. Die arbeider se slaap is soet, *maar* net as hy hom nie ooreet het nie (Pred 5:12). Daarby moet jy ook niks eet wat onrein is nie (Deut 14:3).

Dink liewer aan diegene wat niks het om te eet nie. Sit voortdurend vir hulle 'n ietsie weg. Israel was beveel om tiendes van hulle opbrings af te sonder sodat die vreemdeling, die weduwee en die wese ook kan eet en versadig word (Deut 26:12). Dan sal die Here jou seën in al jou werk (Deut 14:29).

Die kern is dat ons alles tot eer van God doen – ook wanneer ons by 'n maaltyd aansit en spesifiek wanneer ons feesvier. In Prediker 2:25 staan geskrywe: "Want wie kan eet en wie kan geniet sonder Hom?"

*Sing: Skrifberyming 17-1:1* *Ds AS Heystek (Emeritus)*